(3) Wanneer 'n versoek kragtens artikel 21 (1) (d) deur die raad gedoen, ingetrek word, kan daar met enige stappe wat voor die datum van daardie versoek ingevolge die Wet op Patente gedoen is in verband met die aansoek wat die onderwerp van daardie versoek was, en wat as gevolg van daardie versoek onderbreek is, voortgegaan word asof die onderbreking nie plaasgevind het nie, en enige tydperk wat tussen die datum waarop daardie versoek by die registrateur ingedien is, en die datum van intrekking daarvan, verstryk het, word nie by die berekening van enige ingevolge die Wet op Patente voorgeskrewe tydperk in aanmerking geneem nie.

27. (1) Behoudens die bepalinge van artikel 28 berus die regte op alle ontdekkings, uitvindings en verbeterings gedoen deur beampies van die raad, of deur persone aan wie hulp-toelae deur die raad toegestaan is, met betrekking tot enige aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet binne die raad se bestek val en op enige ontdekking, uitvinding of verbetering van watter aard ook al, hetsy binne die raad se bestek al dan nie, deur sodanige beampies of persoon gedoen gedurende enige ondersoek of navorsing op tou gesit of gefinansier deur die raad, by die raad ten bate van die Staat en kan die raad bedoelde ontdekkings, uitvindings of verbeterings vir gebruik in die openbare belang beskikbaar stel op die voorwaardes en teen betaling van die gelde of tantièmes wat die raad vasstel.

Regte op
ontdekkings en
uitvindings deur
beampies van
die raad en ander
persone, en
betaling van
bonusse aan
sodanige persone.

(2) Die raad kan, ten opsigte van so 'n ontdekking, uitvinding of verbetering, uit sy fondse aan die betrokke beampies of persoon die bonus betaal, of reël dat daardie beampies of persoon in die mate deel het aan enige winste wat uit die ontdekking, uitvinding of verbetering verkry word, wat die Minister in ooreenstemming met die Minister van Finansies bepaal.

(3) Die raad kan om 'n patent ten opsigte van 'n in subartikel (1) bedoelde uitvinding aansoek doen, en word by die toepassing van die Wet op Patente as die sessionaris van die uitvinder beskou, en kan die registrateur gelas om so 'n uitvinding en die wyse waarop dit toegepas moet word, geheim te hou.

Special investigations by arrangement with any person with a view to discoveries, inventions or improvements.

28. (1) The board may, by arrangement with any person and at such place and subject to such conditions and the payment of such charges and the furnishing of such contributions as may be agreed upon, carry out or cause to be carried out special investigations with the object of making discoveries, inventions or improvements in relation to any matter within the purview of the board in terms of this Act.

(2) The rights in any discovery, invention or improvement of whatever nature, whether within the purview of the board or not, so made, shall vest in either the board or any other person, according to the provisions of a written agreement entered into by the parties in question prior to the investigation.

(3) If the rights in any discovery, invention or improvement vest in the board in pursuance of an agreement contemplated in subsection (2), the board may make such discovery, invention or improvement available for use in the public interest, and the board may apply for a patent in respect thereof as if it were a discovery, invention or improvement referred to in section 27 (1).

(4) If the rights in any discovery, invention or improvement vest in any person other than the board in pursuance of an agreement contemplated in subsection (2), the said discovery, invention or improvement shall be used or made available for use in the public interest, subject to such conditions as may be provided by the agreement.

Prohibition of applications for certain patents in countries outside the Republic or the territory without consent of the board.

29. (1) No person who is a South African citizen or is resident or carries on business in the Republic or the territory shall, except with the written consent of the board, make or cause to be made, an application in any country outside the Republic or the territory for a patent in respect of any invention or discovery relating to nuclear or atomic energy or special nuclear material or enrichment or re-processing of source material or special nuclear material.

(2) The board shall grant or refuse such consent within a period of three months from the date of the application for such consent.

Disclosure of information prohibited.

30. (1) No person—

- (a) shall, without the consent in writing of the board or of the board in consultation with the Minister if deemed necessary by it, communicate, transmit or make known to any person, whether in or outside the Republic, or use, any information in regard to reserves of ores containing any source material or the annual output of such material or ores by any person or the price paid to any person in respect of such material or ores, or any investigation or research or any discovery or invention relating to the processing, re-processing, enrichment or use of any source material or special nuclear material or nuclear or atomic energy, or any such investigation or research financed wholly or partly by the board or the State or relating to prospecting or mining for or treatment of ores containing any source material, or anything done by or on behalf of the board in the exercise of its powers, or any property, whether movable or immovable, in the possession or under the control of the board;
- (b) shall receive any information knowing or having reasonable grounds to believe, at the time when he receives it, that the information is communicated, transmitted or made known to him in contravention of the provisions of paragraph (a); or
- (c) who has in his possession or under his control any information which under paragraph (a) he is prohibited from communicating, transmitting or making known to any person, shall fail to take reasonable steps to safeguard such information or so conduct himself as to endanger the secrecy thereof.

(2) The provisions of subsection (1) shall not apply in respect of the disclosure of information to any patent agent, advocate or attorney in the Republic or the territory in the course of a professional consultation.

(3) The Minister may direct that any proceedings, including arbitration proceedings, under this Act, be held *in camera* and that the public be excluded from being present thereat.

28. (1) Die raad kan by wyse van ooreenkoms met iemand en op die plek en op die voorwaardes en teen betaling van die koste en die verskaffing van die bydraes waarop ooreengekom word, spesiale ondersoek instel of laat instel met die doel om ontdekkings, uitvindings of verbeterings te doen met betrekking tot enige aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet binne die raad se bestek val.

Spesiale ondersoek by wyse van ooreenkoms met iemand met die oog op ontdekkings, uitvindings of verbeterings.

(2) Die regte op 'n ontdekking, uitvinding of verbetering van watter aard ook al, aldus gedoen, hetsy binne die bestek van die raad, al dan nie, berus óf by die raad óf by iemand anders, ooreenkomstig die bepalings van 'n skriftelike ooreenkoms wat vóór die ondersoek deur die betrokke partye aangegaan is.

(3) Indien die regte op enige ontdekking, uitvinding of verbetering uit hoofde van 'n in subartikel (2) beoogde ooreenkoms by die raad berus, kan die raad bedoelde ontdekking, uitvinding of verbetering in die openbare belang vir gebruik beskikbaar stel, en kan die raad om 'n patent ten opsigte daarvan aansoek doen asof dit 'n in artikel 27 (1) vermelde ontdekking, uitvinding of verbetering was.

(4) Indien die regte op 'n ontdekking, uitvinding of verbetering by iemand anders as die raad uit hoofde van 'n in subartikel (2) beoogde ooreenkoms berus, word bedoelde ontdekking, uitvinding of verbetering in die openbare belang gebruik of vir gebruik beskikbaar gestel op die voorwaardes wat by die ooreenkoms bepaal word.

29. (1) Niemand wat 'n Suid-Afrikaanse burger is of woonagtig is of sake doen in die Republiek of die gebied mag, behalwe met die skriftelike toestemming van die raad, in enige land buite die Republiek of die gebied om 'n patent aansoek doen of laat doen nie ten opsigte van 'n uitvinding of ontdekking met betrekking tot kern- of atoomkrag of spesiale kernmateriaal of verryking of herverwerking van bronmateriaal of spesiale kernmateriaal.

Verbod op aansoek om sekere patente in lande buite die Republiek of die gebied sonder toestemming van die raad.

(2) Die raad moet sodanige toestemming verleen of weier binne 'n tydperk van drie maande vanaf die datum van die aansoek om die toestemming.

30. (1) Niemand—

Openbaarmaking van inligting verbode.

(a) mag sonder die skriftelike toestemming van die raad of van die raad in oorleg met die Minister, indien die raad dit nodig ag, aan enigiemand hetsy binne of buite die Republiek meedeel, versend of bekend maak, of mag gebruik maak van, enige inligting met betrekking tot reserwevoorrade ertse wat bronmateriaal bevat of die jaarlikse produksie van sodanige materiaal of ertse deur enigiemand of die prys ten opsigte van sodanige materiaal of ertse aan enigiemand betaal, of enige ondersoek of navorsing of enige ontdekking of uitvinding betreffende die verwerking, herverwerking, verryking of gebruik van enige bronmateriaal of spesiale kernmateriaal of kern- of atoomkrag, of enige sodanige ondersoek of navorsing wat geheel of gedeeltelik deur die raad of die Staat gefinansier word of wat betrekking het op die prospektering na of die ontginning van of behandeling van ertse wat bronmateriaal bevat, of enigiets gedoen deur of ten behoeve van die raad by die uitoefening van sy bevoegdhede gedoen, of enige eiendom, hetsy roerend of onroerend in die besit of onder die beheer van die raad;

(b) mag inligting ontvang nie, as hy weet of redelike gronde het om te vermoed wanneer hy dit ontvang, dat die inligting aan hom in stryd met die bepalings in paragraaf (a) meegedeel, oorgedra of bekendgemaak word; of

(c) wat inligting wat hy ingevolge paragraaf (a) verbied word om aan enigiemand mee te deel, oor te dra of bekend te maak, in sy besit of onder sy beheer het, mag in gebreke bly om redelike stappe te doen om daardie inligting te beveilig of hom so gedra dat geheimhouding daarvan in gevaar gestel word nie.

(2) Die bepalings van subartikel (1) is nie ten opsigte van die openbaarmaking van inligting aan 'n patentagent, advokaat of prokureur in die Republiek of die gebied wat in sy professionele hoedanigheid geraadpleeg word, van toepassing nie.

(3) Die Minister kan gelas dat enige verrigtings, met inbegrip van verrigtings by arbitrasie, kragtens hierdie Wet, *in camera* gehou word, en dat die publiek van bywoning daarvan uitgesluit word.

(4) No trial or preparatory examination in respect of an offence under this section shall be instituted without the written authority of the attorney-general concerned.

(5) For the purposes of this section "information" includes anything containing or affording information.

State President may apply certain provisions to processing of source material and prohibit export of restricted material.

31. The State President may, if he considers it in the public interest, by proclamation in the *Gazette*—

- (a) apply any provision of section 21 (1) (d) (ii) or (iii) to inventions relating to the processing of source material;
- (b) prohibit any person from exporting any restricted material except under the authority of a permit issued by the board.

Compensation in respect of injuries suffered by persons employed by the board in connection with source material.

32. (1) If a person, while engaged in any capacity by or on behalf of the board, suffers a personal injury or contracts a disease which is attributable to ionising radiation of any radioactive material, or to the inflammable, explosive, poisonous or special properties of such material, or to the ionising radiation of any apparatus or production or application of such material or apparatus, the board shall, subject to the succeeding provisions of this section—

- (a) defray all reasonable expenses incurred by or on behalf of such person in respect of medical, surgical, dental or hospital treatment, nursing services or the supply and maintenance of any artificial part of the body or other device, necessitated by such injury or disease; and
- (b) pay compensation in respect of disablement or death caused by such injury or disease.

(2) (a) All questions as to the right to any payment under this section, the amount of such payment and the method of payment shall be determined by the Workmen's Compensation Commissioner appointed in terms of section 12 (1) of the Workmen's Compensation Act, 1941 (Act No. 30 of 1941), hereinafter referred to as the commissioner, and in making any determination in regard to compensation, the commissioner shall, *mutatis mutandis*, apply the provisions of sections 4, 27, 35, 36, 38, 39, 40, 41, 42, 44, 46, 49, 84, 85 and 86 of, and the First Schedule to, the said Act: Provided that in calculating the amount of the compensation payable under this section, the commissioner shall disregard the maximum prescribed by section 85 (1) of the said Act, as so applied as well as any provision of the said sections of the said Act as so applied in terms of which earnings in excess of a fixed amount are not taken into consideration.

(b) If the person in respect of whom the board is required to make any payment is a person to whom the provisions of section 29, 30 or 31 of the said Act would apply in respect of any similar payment under that Act, the provisions of the said section shall *mutatis mutandis* apply in respect of any payment under this section.

(c) The provisions of sections 100 and 102 of the said Act shall *mutatis mutandis* apply to any compensation payable under this section.

(3) (a) If any person who is entitled to any benefit under this section would also be entitled, but for the provisions of this section, to any benefit in respect of the same injury or disease under the Workmen's Compensation Act, 1941, his right under the said Act shall *ipso facto* lapse.

(b) Nothing in this section contained shall affect any right which any person may have under his contract of employment, or under any law, to benefits more favourable than those to which he may be entitled under this section: Provided that no person shall be entitled to claim benefits both under this section and under the said contract or law.

(4) For the purposes of this section the commissioner shall *mutatis mutandis* possess all the powers vested in him in respect of the matters dealt with by sections 17, 24, 56, 57, 58, 59, 60 and 88 of the Workmen's Compensation Act, 1941, and the provisions of the said sections shall *mutatis mutandis* apply in respect of all matters incidental to or necessary for any determination by the commissioner under this section.

(4) Geen verhoor of voorlopige ondersoek ten opsigte van 'n misdryf ingevolge hierdie artikel word sonder die skriftelike magtiging van die betrokke prokureur-generaal ingestel nie.

(5) By die toepassing van hierdie artikel beteken „inligting” ook enigiets wat inligting bevat of verskaf.

31. Die Staatspresident kan, indien hy dit in die openbare belang ag, by proklamasie in die *Staatskoerant*—

Staatspresident

(a) enige bepaling van artikel 21 (1) (d) (ii) of (iii) toepas op uitvindings met betrekking tot die verwerking van bronmateriaal;

kan sekere

bepalings met

betrekking tot

verwerking van

bronmateriaal

toepas en uitvoer

deur beperkte

materiaal verbied.

(b) enigiemand verbied om beperkte materiaal uit te voer, behalwe op gesag van 'n permit uitgereik deur die raad.

32. (1) Indien iemand wat in enige hoedanigheid deur of ten behoeve van die raad in diens geneem is, terwyl hy sodanige diens doen, 'n persoonlike besering opdoen of 'n siekte oploop wat toe te skryf is aan ioniserende bestraling van radioaktiewe materiaal, of aan die ontvlambare, ontplofbare, giftige of spesiale eienskappe van sodanige materiaal, of aan die ioniserende bestraling van enige apparaat of die produksie of aanwending van sodanige materiaal of apparaat, moet die raad, behoudens die hieropvolgende bepalings van hierdie artikel—

Skadeloosstelling

ten opsigte van

beserings opgedoen

deur persone wat

vir die raad

diens doen in

verband met

bronmateriaal.

(a) al die redelike uitgawes wat deur of namens so iemand ten opsigte van geneeskundige, heelkundige of tandheelkundige behandeling of hospitaalbehandeling, deskundige verplegingsdienste of die verskaffing en instandhouding van 'n kunsmatige liggaamsdeel of ander toestel wat deur sodanige besering of siekte nodig gemaak word, betaal; en

(b) skadeloosstelling ten opsigte van arbeidsongeskiktheid of dood wat deur sodanige besering of siekte veroorsaak is, betaal.

(2) (a) Alle geskille wat betref die reg op enige betaling kragtens hierdie artikel, die bedrag van so 'n betaling en die wyse van betaling word deur die ingevolge artikel 12 (1) van die Ongevallewet, 1941 (Wet No. 30 van 1941), aangestelde ongevallekommissaris, (hieronder die kommissaris genoem) beslis, en by enige beslissing met betrekking tot skadeloosstelling moet die kommissaris die bepalings van artikels 4, 27, 35, 36, 38, 39, 40, 41, 42, 44, 46, 49, 84, 85, en 86 van en die Eerste Bylae by genoemde Wet *mutatis mutandis* toepas: Met dien verstande dat by die berekening van die bedrag van die kragtens hierdie artikel betaalbare skadeloosstelling die kommissaris sowel die maksimum voorgeskryf by artikel 85 (1) van genoemde Wet soos aldus toegepas, as enige bepaling van genoemde artikels van genoemde Wet, soos aldus toegepas, waarvolgens verdienste bo 'n vasgestelde bedrag buite rekening gelaat word, verontagsaam.

(b) Indien die persoon ten opsigte van wie die raad 'n bedrag moet betaal, iemand is op wie die bepalings van artikel 29, 30 of 31 van genoemde Wet van toepassing sou wees ten opsigte van 'n soortgelyke betaling ingevolge genoemde Wet, is die bepalings van bedoelde artikel *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van enige betaling ingevolge hierdie artikel.

(c) Die bepalings van artikels 100 en 102 van genoemde Wet is *mutatis mutandis* van toepassing op skadeloosstelling kragtens hierdie artikel betaalbaar.

(3) (a) Indien iemand wat op 'n voordeel kragtens hierdie artikel geregtig is, ook, as dit nie vir die bepalings van hierdie artikel was nie, ten opsigte van dieselfde besering of siekte op 'n voordeel kragtens die Ongevallewet, 1941, geregtig sou wees, dan vervel sy reg kragtens genoemde Wet *ipso facto*.

(b) Geen bepaling van hierdie artikel raak 'n reg wat enigiemand kragtens sy dienskontrak of 'n wetsbepaling op gunstiger voordele as dié waarop hy kragtens hierdie artikel geregtig is, besit nie: Met dien verstande dat niemand voordele sowel kragtens hierdie artikel as kragtens bedoelde kontrak of wetsbepaling kan eis nie.

(4) By die toepassing van hierdie artikel het die kommissaris *mutatis mutandis* al die bevoegdhede wat by hom berus ten opsigte van die aangeleenthede wat by artikels 17, 24, 56, 57, 58, 59, 60 en 88 van die Ongevallewet, 1941, behandel word, en die bepalings van genoemde artikels is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van alle aangeleenthede wat in verband staan met of nodig is vir 'n beslissing deur die kommissaris kragtens hierdie artikel.

- (5) (a) The board shall, from time to time, pay to the accident fund established by section 64 of the Workmen's Compensation Act, 1941, a contribution towards the expense incurred by the commissioner under this section as may be agreed upon between the board and the commissioner, or as may in the absence of such agreement be determined by the Minister.
- (b) In assessing the board in terms of section 69 of the said Act, the commissioner shall make allowance for any reduction in the potential liability of the said accident fund by reason of the provisions of this section.

Compensation for other personal injuries or diseases to be decided upon by a specially appointed committee.

33. (1) If a person while engaged in any capacity by the board suffers a personal injury or contracts a disease other than a personal injury or disease contemplated in section 32 (1), the Minister may in consultation with the Minister of Finance, notwithstanding the provisions of any other law, authorize the payment of compensation to such person, or, in the event of his death, to his dependants out of the funds of the board.

(2) (a) The Minister shall appoint a committee consisting of five members, one of whom shall be a judge of any division of the Supreme Court of South Africa and who shall be chairman, and four of whom shall be persons with expert knowledge of the sphere of activities of the board in which the injury or damage is alleged to have occurred.

(b) Two of the four members with such expert knowledge shall be persons who are not in the service of the board.

(3) It shall be the duty of the said committee to receive and consider all the available information adduced in any matter referred to it and to advise the Minister on the amount of compensation, if any, to be paid in terms of subsection (1).

(4) Any person who considers himself aggrieved by the finding of the said committee or the decision of the Minister shall have a right of appeal to the appropriate division of the Supreme Court of South Africa.

(5) Any member of such a committee who is not in the full-time employment of the State or of the board may out of the funds of the board be paid such remuneration or allowances as may be determined by the Minister in consultation with the Minister of Finance.

Offences and penalties.

34. Any person who—

- (a) contravenes or fails to comply with the provisions of section 5 (1), 7, 8 or 29;
- (b) contravenes or fails to comply with any condition upon which any authority has been granted to him under section 7 or 8;
- (c) fails to comply with any notice served on him under section 9 (1), or knowingly or negligently makes any untrue statement in any return made in pursuance of such notice, or wilfully obstructs any person exercising powers under section 9 (2) or (3), or wilfully publishes or affords access to any information in contravention of section 9 (4);
- (d) contravenes or fails to comply with the provisions of section 10 or 21;
- (e) fails to comply with any direction served upon him in terms of section 23 (1);
- (f) contravenes or fails to comply with the provisions of section 30;
- (g) contravenes or fails to comply with any provision of section 21 (1) (d) (ii) or (iii), as applied in terms of section 31 (a), or any prohibition under section 31 (b), shall be guilty of an offence and on conviction liable—
 - (i) in the case of an offence referred to in paragraph (a), (b), (c), (e) or (g), to a fine not exceeding three thousand rand or to imprisonment for a period not exceeding seven years or to both such fine and such imprisonment;
 - (ii) in the case of an offence referred to in paragraph (d), to a fine not exceeding five hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding twelve months; or
 - (iii) in the case of an offence referred to in paragraph (f), to a fine not exceeding ten thousand rand or to imprisonment for a period not exceeding twenty years or to both such fine and such imprisonment.

- (5) (a) Die raad betaal van tyd tot tyd aan die ongevallefonds by artikel 64 van die Ongevallewet, 1941, ingestel, 'n bydrae tot die uitgawes deur die kommissaris ingevolge hierdie artikel aangeaan waarop onderling deur die raad en die kommissaris ooreengekom word of wat, by ontstentenis van so 'n ooreenkoms, deur die Minister vasgestel word.
- (b) By aanslag van die raad ingevolge artikel 69 van genoemde Wet, hou die kommissaris rekening met die vermindering in die potensiele aanspreeklikheid van die ongevallefonds ten gevolge van die bepalinge van hierdie artikel.

33. (1) Indien iemand wat in enige hoedanigheid deur die raad in diens geneem is, 'n persoonlike besering opdoen of 'n siekte oploop, behalwe 'n persoonlike besering of siekte in artikel 32 (1) beoog, terwyl hy sodanige diens doen, kan die Minister in ooreenstemming met die Minister van Finansies, ondanks ander wetsbepalinge, betaling van vergoeding uit die fondse van die raad aan so iemand magtig of, ingeval van sy dood, aan sy afhanklikes.

(2) (a) Die Minister moet 'n komitee bestaande uit vyf lede aanstel, een waarvan 'n regter van enige afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika en die voorsitter is, en vier waarvan persone is met deskundige kennis van die bedryfsfeer van die raad waarin die besering of benadeling na bewering plaasgevind het.

(b) Twee van die vier lede met sodanige deskundige kennis moet persone wees wat nie in diens van die raad is nie.

(3) Genoemde komitee is belas daarmee om al die beskikbare inligting aangevoer by 'n aangeleentheid aan hom voorgelê, te ontvang en te oorweeg en om die Minister van advies te dien omtrent die bedrag vergoeding, indien daar is, betaalbaar ingevolge subartikel (1).

(4) Enigiemand wat homself deur die bevinding van genoemde komitee of die beslissing van die Minister veronreg ag, het 'n reg van appell na die gepaste afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika.

(5) 'n Lid van so 'n komitee wat nie in die voltydse diens van die Staat of die raad is nie kan uit die fondse van die raad die besoldiging of toelae betaal word wat die Minister in ooreenstemming met die Minister van Finansies vasstel.

34. Iemand wat—

Misdrywe en
strawwe.

- (a) die bepalinge van artikel 5 (1), 7, 8 of 29 oortree of versuim om daaraan te voldoen;
- (b) 'n voorwaarde waarop 'n magtiging kragtens artikel 7 of 8 aan hom verleen is, oortree of versuim om daaraan te voldoen;
- (c) versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing ingevolge artikel 9 (1) aan hom bestel, of wetend of nalatiglik 'n onware verklaring maak in 'n opgawe uit hoofde van sodanige kennisgewing verstrek, of opsetlik iemand by die uitoefening van sy bevoegdhede kragtens artikel 9 (2) of (3) belemmer, of opsetlik inligting publiseer of toegang daartoe verleen, ter oortreding van artikel 9 (4);
- (d) die bepalinge van artikel 10 of 21 oortree of versuim om daaraan te voldoen;
- (e) versuim om aan 'n opdrag ingevolge artikel 23 (1) aan hom bestel, te voldoen;
- (f) die bepalinge van artikel 30 oortree of versuim om daaraan te voldoen;
- (g) 'n bepaling van artikel 21 (1) (d) (iii) of (iii), soos ingevolge artikel 31 (a) toegepas, of 'n verbod kragtens artikel 31 (b), oortree of versuim om daaraan te voldoen,
- is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar—
- (i) in die geval van 'n in paragraaf (a), (b), (c), (e) of (g) bedoelde misdryf, met 'n boete van hoogstens drieduisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens sewe jaar of met sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf;
- (ii) in die geval van 'n in paragraaf (d) bedoelde misdryf, met 'n boete van hoogstens vyfhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande; of
- (iii) in die geval van 'n in paragraaf (f) bedoelde misdryf, met 'n boete van hoogstens tienduisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twintig jaar of met sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf.

Regulations.

35. (1) The State President may make regulations as to—

- (a) the calling of meetings of the board and of any committee thereof and the procedure and quorum at such meetings;
- (b) the safeguarding of any mine or portion of a mine producing source material, and any plant or premises in which such material is extracted or isolated from any substance; and
- (c) generally, all matters which he deems it necessary or expedient to prescribe in order that the objects of this Act may be achieved.

(2) Any regulations made under subsection (1) (b) may prescribe penalties for any contravention thereof or failure to comply therewith, and different regulations may be made under that subsection in respect of different mines, plants or premises or portions thereof.

Application of Act to South-West Africa.

36. This Act and any amendment thereof which may be made from time to time shall apply also in the territory and in relation to all persons in that portion of the territory known as the "Rehoboth Gebiet" and defined in the First Schedule to Proclamation No. 28 of 1923 of the Administrator of the territory.

Repeal of laws and savings.

37. (1) Subject to the provisions of subsections (2) and (3), the laws specified in the Schedule are hereby repealed to the extent indicated in the third column of the Schedule.

(2) The provisions of section 15 (2), (3) and (4) of the Atomic Energy Act, 1948 (Act No. 35 of 1948), shall notwithstanding the repeal of that Act by this Act, continue to apply in respect of any person who immediately prior to the commencement of this Act was a contributor to the university institutions provident fund established under the regulations made in terms of section 12 (1) (g) of the Higher Education Additional Provision Act, 1917 (Act No. 20 of 1917), subject to any right he may have to elect to become a contributor to the fund referred to in section 2 (1) (b) of the Associated Institutions Pension Fund Act, 1963 (Act No. 41 of 1963).

(3) Subject to the provisions of this Act, any appointment, regulation, proclamation or authority made, granted or issued or any agreement entered into or guarantee furnished or any other thing done under a provision of a law repealed by subsection (1) shall be deemed to have been made, granted, issued, entered into, furnished or done under the corresponding provision of this Act.

Short title and commencement.

38. This Act shall be called the Atomic Energy Act, 1967, and shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

Schedule.

LAWS REPEALED.

No. and year of law.	Title.	Extent of repeal.
Act No. 35 of 1948	Atomic Energy Act, 1948	The whole.
Act No. 8 of 1950	Atomic Energy Amendment Act, 1950	The whole.
Act No. 18 of 1952	Atomic Energy Amendment Act, 1952	The whole.
Act No. 11 of 1956	Atomic Energy Amendment Act, 1956	The whole.
Act No. 27 of 1958	Atomic Energy Amendment Act, 1958	The whole.
Act No. 35 of 1959	Atomic Energy Amendment Act, 1959	The whole.
Act No. 44 of 1961	Atomic Energy Amendment Act, 1961	The whole.
Act No. 77 of 1962	Finance Act, 1962	Section II.
Act No. 39 of 1965	Atomic Energy and Nuclear Installations (Licensing and Security) Amendment Act, 1965.	Sections 1 to 10, inclusive.

35. (1) Die Staatspresident kan regulasies uitvaardig aan-Regulasies.
gaande—

- (a) die byeenroeping van vergaderings van die raad en van enige komitee daarvan, en die prosedure en kworum by sodanige vergaderings;
- (b) die beveiliging van enige myn of deel van 'n myn wat bronmateriaal voortbring, en enige uitrusting of perseel waarin sodanige materiaal uit enige stof geëkstraheer of geïsoleer word; en
- (c) oor die algemeen alle aangeleenthede wat hy nodig of raadsaam ag om voor te skryf sodat die doel van hierdie Wet bereik word.

(2) Enige regulasies kragtens subartikel (1) (b) uitvaardig, kan vir 'n oortreding daarvan of versuim om daaraan te voldoen, strawwe voorskryf en verskillende regulasies kan kragtens daardie subartikel ten opsigte van verskillende myne, uitrustings of persele of dele daarvan voorgeskryf word.

36. Hierdie Wet en enige wysiging daarvan wat van tyd tot tyd aangebring mag word, is ook van toepassing in die gebied en met betrekking tot alle persone in daardie gedeelte van die gebied bekend as die „Rehoboth Gebiet” en omskrywe in die Eerste Bylae by Proklamasie No. 28 van 1923 van die Administrateur van die gebied. Toepassing van Wet op Suidwes-Afrika.

37. (1) Behoudens die bepalings van subartikels (2) en (3) word die wette in die Bylae aangewys hierby herroep vir sover in die derde kolom van die Bylae aangedui. Herroeping van wette en voorbehoude.

(2) Die bepalings van artikel 15 (2), (3) en (4) van die Wet op Atoomkrag, 1948 (Wet No. 35 van 1948), bly, ondanks die herroeping van daardie Wet by hierdie Wet, van toepassing ten opsigte van iemand wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet 'n bydraer was tot die voorsorgfonds vir universiteitsinrigtings kragtens die regulasies uitvaardig ingevolge artikel 12 (1) (g) van die „Wet tot Addisionele Regeling van het Hoger Onderwijs, 1917” (Wet No. 20 van 1917), ingestel, behoudens 'n reg wat hy het om te kies om bydraer te word tot die fonds bedoel in artikel 2 (1) (b) van die Wet op die Pensioenfonds vir Geassosieerde Inrigtings, 1963 (Wet No. 41 van 1963).

(3) Behoudens die bepalings van hierdie Wet, word 'n aanstelling, regulasie, proklamasie of magtiging gedoen, uitvaardig, verleen of uitgereik of 'n ooreenkoms aangegaan of waarborg verstrek of enigiets anders gedoen ingevolge 'n wetsbepaling deur subartikel (1) herroep, geag ingevolge die ooreenstemmende bepaling van hierdie Wet gedoen, uitvaardig, verleen, uitgereik, aangegaan of verstrek te gewees het.

38. Hierdie Wet heet die Wet op Atoomkrag, 1967, en tree Kort titel en in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie inwerkingtreding in die Staatskoerant bepaal.

Bylae.

WETTE HERROEP.

No. en jaar van Wet.	Titel.	In hoeverre herroep.
Wet No. 35 van 1948	Wet op Atoomkrag, 1948	Die geheel.
Wet No. 8 van 1950	Wysigingswet op Atoomkrag, 1950	Die geheel.
Wet No. 18 van 1952	Wysigingswet op Atoomkrag, 1952	Die geheel.
Wet No. 11 van 1956	Wysigingswet op Atoomkrag, 1956	Die geheel.
Wet No. 27 van 1958	Wysigingswet op Atoomkrag, 1958	Die geheel.
Wet No. 35 van 1959	Wysigingswet op Atoomkrag, 1959	Die geheel.
Wet No. 44 van 1961	Wysigingswet op Atoomkrag, 1961	Die geheel.
Wet No. 77 van 1962	Finansiëlewet, 1962	Artikel 11.
Wet No. 39 van 1965	Wysigingswet op Atoomkrag en Kerninstallasies (Lisensiering en Sekerheidsstelling), 1965.	Artikels 1 tot en met 10.

No. 96, 1967.]

ACT

To amend section 77 of and Schedules Nos. 1 to 6, inclusive, to the Customs and Excise Act, 1964; and to provide for incidental matters.

(Afrikaans text signed by the Acting State President.)
(Assented to 19th June, 1967.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Substitution
of section
77 of Act 91
of 1964.

1. The following section is hereby substituted for section 77 of the Customs and Excise Act, 1964 (hereinafter referred to as the principal Act):

"Overpay-
ments in
respect of
excisable
goods.

77. (a) Any amount due to a licensee of a customs and excise warehouse who, in terms of the regulations, is permitted to pay excise duty monthly in respect of such duty paid by him for which he was not liable may, at any time within a period of one year from the date on which such amount first becomes due, be set off against any amount for which such licensee subsequently becomes liable in respect of excise duty, provided the accounts submitted by such licensee in respect of the payment of any amount against which any amount so due to him has been set off are accompanied by a full statement by such licensee, supported by a certificate by an officer, giving full particulars of the excise duty so paid and a full account of the circumstances under which the payment thereof took place and by such documentary evidence as the Secretary may in each case require.

(b) If the set off of any amount is not allowed by the Secretary in terms of paragraph (a) such amount shall be re-debited to the account of such licensee."

Amendment of
Schedules Nos.
1 to 6, inclusive,
to Act 91 of 1964,
as amended by
section 19 of
Act 95 of 1965
and section 15
of Act 57 of 1966.

2. (1) Every notice issued under the provisions of section 48 (1), (2) or (3), section 55 (2) or (3) or section 75 (15) of the principal Act prior to the twenty-fourth day of March, 1967, is hereby repealed and Schedules Nos. 1, 2, 3, 4, 5 and 6 to that Act shall be construed as if the amendments made by any such notice had not been effected.

(2) The said Schedules as so construed are hereby amended to the extent set out in Schedules Nos. 1, 2, 3, 4, 5 and 6 to this Act.

(3) Any amendment to Schedule No. 1, 2, 3, 4, 5 or 6 to the principal Act, made under the provisions of section 48, 55 or 75 of that Act after the twenty-third day of March, 1967, shall be construed *mutatis mutandis* as if it were an amendment of the Schedule concerned, as amended by this section.

(4) This section, except in so far as subsection (2) relates to the amendments referred to in subsections (5), (6), (7), (8), (9) and (10) and to the title of Chapter 34, Note 3 (a) (ii) to Chapter 59, Note 6 to Section XV, and tariff heading No. 73.03 referred to in Schedule No. 1 to this Act, tariff heading No. 57.09 in item

No. 96, 1967.]

WET

Tot wysiging van artikel 77 van en Bylaes Nos. 1 tot en met 6 by die Doeane- en Aksynswet, 1964; en om vir bykomstige aanleenthede voorsiening te maak.

(Afrikaanse teks deur die Waarnemende Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 19 Junie 1967.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. Artikel 77 van die Doeane- en Aksynswet, 1964 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Oorbetalings ten opsigte van synebare goedere.

77. (a) Enige bedrag wat aan 'n lisensiehouer van 'n doeane-en-aksynspakhuis wat kragtens die regulasies toegelaat word om aksynsreg maandeliks te betaal, verskuldig is ten opsigte van sodanige reg deur hom betaal waarvoor hy nie aanspreeklik was nie, kan te eniger tyd binne 'n tydperk van een jaar vanaf die datum waarop sodanige bedrag vir die eerste keer verskuldig word, verreken word teen enige bedrag waarvoor sodanige lisensiehouer daarna aanspreeklik word ten opsigte van aksynsreg, mits die rekeninge wat deur sodanige lisensiehouer voorgelê word ten opsigte van die betaling van enige bedrag waarteen enige bedrag aldus aan hom verskuldig, verreken is, vergesel gaan van 'n volledige verklaring van sodanige lisensiehouer, gesteun deur 'n sertifikaat van 'n beampte, wat volle besonderhede verstrek van die aksynsreg aldus betaal en 'n volledige relas gee van die omstandighede waarin betaling daarvan geskied het en deur die dokumentêre getuienis wat die Sekretaris in elke geval verlang.

(b) Indien die verrekening van enige bedrag nie ingevolge paragraaf (a) deur die Sekretaris toegelaat word nie, word sodanige bedrag weer teen die rekening van sodanige lisensiehouer gedebiteer.”.

Vervanging van artikel 77 van Wet 91 van 1964.

2. (1) Elke kennisgewing wat kragtens die bepalings van artikel 48 (1), (2) of (3), artikel 55 (2) of (3) of artikel 75 (15) van die Hoofwet voor die vier-en-twintigste dag van Maart 1967 uitgevaardig is, word hierby herroep en Bylaes Nos. 1, 2, 3, 4, 5 en 6 by daardie Wet word uitgelê asof die wysigings by so 'n kennisgewing aangebring, nie aangebring was nie.

(2) Genoemde Bylaes soos aldus uitgelê, word hierby gewysig in die mate in Bylaes Nos. 1, 2, 3, 4, 5 en 6 by hierdie Wet uiteengesit.

(3) Enige wysiging van Bylae No. 1, 2, 3, 4, 5 of 6 by die Hoofwet wat kragtens die bepalings van artikel 48, 55 of 75 van daardie Wet na die drie-en-twintigste dag van Maart 1967 aangebring is, word uitgelê *mutatis mutandis* asof dit 'n wysiging was van die betrokke Bylae soos by hierdie artikel gewysig.

(4) Hierdie artikel, behalwe vir sover subartikel (2) betrekking het op die wysigings waarna in subartikels (5), (6), (7), (8), (9) en (10) verwys word en op die benaming van Hoofstuk 34, Opmerking 3 (a) (ii) by Hoofstuk 59, Opmerking 6 by Afdeling XV, en tariefpos No. 73.03 waarna in Bylae No. 1 by hierdie Wet verwys word, tariefpos No. 57.09 in item 312.01 waarna in

Wysiging van Bylaes Nos. 1 tot en met 6 by Wet 91 van 1964, soos gewysig deur artikel 19 van Wet 95 van 1965 en artikel 15 van Wet 57 van 1966.

312.01 referred to in Schedule No. 3 to this Act, tariff heading No. 70.13 in item 513.01 referred to in Schedule No. 5 to this Act and items 602.00, 602.01, 604.02.10, 604.03.10, 605.04.05, 606.05.20 and 608.01 referred to in Schedule No. 6 to this Act, shall be deemed to have come into operation on the twenty-fourth day of March, 1967.

(5) Subject to the provisions of section 58 (1) of the principal Act, this section, in so far as subsection (2) relates to tariff heading No. 87.02.10.90 and tariff item 117.05 referred to in Schedule No. 1 to this Act and paragraphs (b) to (s), inclusive, of item 609.17.20 referred to in Schedule No. 6 to this Act, shall be deemed to have come into operation on the twenty-second day of March, 1967.

(6) This section, in so far as subsection (2) relates to items 603.01.03 and 607.02 referred to in Schedule No. 6 to this Act, shall be deemed to have come into operation on the twenty-third day of March, 1967.

(7) This section, in so far as subsection (2) relates to tariff headings Nos. 43.03 and 90.07 referred to in Schedule No. 1 to this Act, tariff heading No. 04.02 in item 304.07, tariff heading No. 27.07 in item 307.07 and tariff headings Nos. 51.04 and 60.01 in item 311.25 referred to in Schedule No. 3 to this Act, shall be deemed to have come into operation on the first day of January, 1965.

(8) This section, in so far as subsection (2) relates to item 460.06 referred to in Schedule No. 4 to this Act, shall be deemed to have come into operation on the first day of May, 1966.

(9) Tariff heading No. 87.06.55 of Schedule No. 1 to the principal Act shall be construed as if during the period from the first day of January, 1965, up to and including the tenth day of February, 1966, there had been included therein a provision providing for clearance at a rate of duty of 10% *ad valorem* of brake drums of unmachined cast metal, whether or not attached to wheel hubs.

(10) Tariff heading No. 84.06 in item 316.01 of Schedule No. 3 to the principal Act shall be construed as if during the period from the first day of January, 1965, up to and including the seventh day of October, 1965, there had been included therein a provision providing for a rebate of the full duty on internal combustion piston engines for the manufacture of road graders.

Refund of
excise duties
on certain
kaffircorn
malt.

3. (1) If a manufacturer of bantu beer proves to the satisfaction of the Secretary, as defined in section 1 of the principal Act, that the full excise duty has been paid on any kaffircorn malt delivered prior to the twenty-third day of March, 1967, from any customs and excise warehouse and used in the manufacture of bantu beer in respect of which a rebate of the full excise duty was not applicable during any period after the said date, and on which the non-rebated portion of the excise duty has been paid, the Secretary may refund to the manufacturer of such beer the excise duty paid on any such malt which has been so used.

(2) For the purposes of subsection (1)—

(a) kaffircorn malt used in the manufacture of bantu beer shall be deemed to include kaffircorn malt used in the manufacture of bantu beer powder or mash subsequently used in the manufacture of bantu beer; and

(b) the Secretary may in his discretion accept proof of payment in respect of kaffircorn malt or bantu beer powder or mash by a manufacturer of bantu beer of a price which in the opinion of the Secretary included any excise duty on kaffircorn malt as proof that the excise duty on such kaffircorn malt has been paid.

(3) No refund of duty shall be paid by virtue of the provisions of this section unless the application for refund is received by the Controller, as defined in section 1 of the principal Act, within six months after the date of commencement of this section and any such application and any refund in pursuance of such application shall otherwise be subject to the provisions of sections 76 and 77 of the principal Act.

(4) This section shall apply also in the territory of South-West Africa (including the Eastern Caprivi Zipfel referred to in section 3 of the South-West Africa Affairs Amendment Act, 1951 (Act No. 55 of 1951)).

Short title.

4. This Act shall be called the Customs and Excise Amendment Act, 1967.

Bylae No. 3 by hierdie Wet verwys word, tariefpos No. 70.13 in item 513.01 waarna in Bylae No. 5 by hierdie Wet verwys word en items 602.00, 602.01, 604.02.10, 604.03.10, 605.04.05, 606.05.20 en 608.01 waarna in Bylae No. 6 by hierdie Wet verwys word, word geag op die vier-en-twintigste dag van Maart 1967 in werking te getree het.

(5) Behoudens die bepalings van artikel 58 (1) van die Hoofwet, word hierdie artikel, vir sover subartikel (2) betrekking het op tariefpos No. 87.02.10.90 en tariefitem 117.05 waarna in Bylae No. 1 by hierdie Wet verwys word en paragrawe (b) tot en met (s) van item 609.17.20 waarna in Bylae No. 6 by hierdie Wet verwys word, geag op die twee-en-twintigste dag van Maart 1967 in werking te getree het.

(6) Hierdie artikel, vir sover subartikel (2) betrekking het op items 603.01.03 en 607.02 waarna in Bylae No. 6 by hierdie Wet verwys word, word geag op die drie-en-twintigste dag van Maart 1967 in werking te getree het.

(7) Hierdie artikel, vir sover subartikel (2) betrekking het op tariefposte Nos. 43.03 en 90.07 waarna in Bylae No. 1 by hierdie Wet verwys word, tariefpos No. 04.02 in item 304.07, tariefpos No. 27.07 in item 307.07 en tariefposte Nos. 51.04 en 60.01 in item 311.25 waarna in Bylae No. 3 by hierdie Wet verwys word, word geag op die eerste dag van Januarie 1965 in werking te getree het.

(8) Hierdie artikel, vir sover subartikel (2) betrekking het op item 460.06 waarna in Bylae No. 4 by hierdie Wet verwys word, word geag op die eerste dag van Mei 1966 in werking te getree het.

(9) Tariefpos No. 87.06.55 van Bylae No. 1 by die Hoofwet word uitgelê asof daar gedurende die tydperk vanaf die eerste dag van Januarie 1965 tot en met die tiende dag van Februarie 1966, 'n bepaling daarin ingesluit was wat voorsiening maak vir die klaring teen 'n skaal van reg van 10% *ad valorem* van rementrommels van ongemasjineerde gegote metaal, hetsy aan wien nawe geheg al dan nie.

(10) Tariefpos No. 84.06 in item 316.01 van Bylae No. 3 by die Hoofwet word uitgelê asof daar gedurende die tydperk vanaf die eerste dag van Januarie 1965 tot en met die sewende dag van Oktober 1965, 'n bepaling daarin ingesluit was wat voorsiening maak vir die korting van die volle reg op binnebrandsuieringjins vir die vervaardiging van padskrapers.

(5) Die Minister kan, na oorlegpleging met die raad, 'n kragtens hierdie artikel uitgereikte lisensie intrek of opskort vir die tydperk wat hy bepaal, indien hy oortuig is dat die lisensiehouer 'n misdryf ingevolge hierdie Wet gepleeg het of in gebreke gebly het om 'n heffing ingevolge hierdie Wet deur hom betaalbaar, te betaal.

- Offences.** 9. Any person who—
(a) being a licensee, exports or sells canned fruit contrary to a determination contained in a notice issued under section 3 (c) or (d);
(b) being a licensee, fails to comply with a notice issued under section 3 (f);
(c) fails to comply with a notice issued under section 3 (g);
(d) contravenes the provisions of section 8 (1),
shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two thousand rand or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding twelve months.
- Regulations.** 10. The Minister may make regulations as to—
(a) the calling of and procedure and quorum at meetings of the board;
(b) generally, all matters for which he deems it necessary or expedient to make regulations in order to attain the objects of this Act.
- Application of Act to South-West Africa.** 11. This Act shall apply also in the territory of South-West Africa, including the Eastern Caprivi Zipfel referred to in section 3 of the South-West Africa Affairs Amendment Act, 1951 (Act No. 55 of 1951), and in relation to all persons in that portion of the said territory known as the "Rehoboth Gebiet" and defined in the First Schedule to Proclamation No. 28 of 1923 of the said territory.
- Repeal.** 12. The Canned Fruit and Vegetables Export Control Act, 1956 (Act No. 66 of 1956), is hereby repealed.
- Short title and date of commencement.** 13. This Act shall be called the Canned Fruit Export Marketing Act, 1967, and shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

9. 'n Persoon wat—

Misdrywe.

- (a) 'n lisensiehouer is en in stryd met 'n bepaling in 'n kragtens artikel 3 (c) of (d) uitgereikte kennisgewing vervat, ingemaakte vrugte uitvoer of verkoop;
 - (b) 'n lisensiehouer is en versuim om aan 'n kragtens artikel 3 (f) uitgereikte kennisgewing te voldoen;
 - (c) versuim om aan 'n kragtens artikel 3 (g) uitgereikte kennisgewing te voldoen;
 - (d) die bepalings van artikel 8 (1) oortree,
- is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweeduisend rand of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande.

10. Die Minister kan regulasies uitvaardig met betrekking tot—

Regulasies.

- (a) die byeenroep van en prosedure en kworum op vergaderings van die raad;
- (b) oor die algemeen, alle aangeleenthede waarvoor hy dit nodig of dienstig ag dat regulasies uitgevaardig moet word ten einde die oogmerke van hierdie Wet te bereik.

11. Hierdie Wet is ook van toepassing in die gebied Suidwes-Afrika, met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel vermeld in artikel 3 van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1951 (Wet No. 55 van 1951), en met betrekking tot alle persone in daardie gedeelte van genoemde gebied bekend as die „Rehoboth Gebied” en omskryf in die Eerste Bylae by Proklamasie No. 28 van 1923 van bedoelde gebied.

Toepassing van Wet op Suidwes-Afrika.

12. Die Wet op Beheer van die Uitvoer van Ingemaakte Herroeping. Vrugte en Groente, 1956 (Wet No. 66 van 1956), word hierby herroep.

13. Hierdie Wet heet die Wet op Uitvoerbemarking van Ingemaakte Vrugte, 1967, en tree in werking op 'n datum deur die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

Kort titel en datum van inwerkingtreding.

No. 102, 1967.]

ACT

To repeal the Public Bodies' Private Bill Act, 1885, of the Cape of Good Hope, and the Private Bill Procedure Act, 1912; to amend Proclamation No. 80 of 1890, of the Cape of Good Hope, so as to delete the reference therein to the Public Bodies' Private Bill Act, 1885; to amend the Commissions Act, 1947, so as to extend the powers of the State President to make regulations; to amend the Rents Act, 1950, so as to make it possible to define with greater particularity the jurisdiction of rent boards; to amend the Suppression of Communism Act, 1950, so as to extend the period of operation of certain provisions thereof; to amend the provisions of the Criminal Procedure Act, 1955, with reference to the expiration of the period for which certain persons may be detained, the powers of a judicial officer in regard to the disposal of proceedings in which the accused was convicted by another judicial officer, the matters which may be proved by way of affidavit, the power of peace officers in regard to the steps which may be taken by them after the arrest of a person, the power of the Minister of Justice to declare that certain persons shall be deemed to be peace officers, and the joint trial of offenders; to amend the provisions of the Interpretation Act, 1957, with reference to the manner in which laws and notices are to be published; to amend the provisions of the Supreme Court Act, 1959, with reference to the fees payable to witnesses in civil proceedings, and the area of jurisdiction of the Witwatersrand Local Division of the Supreme Court of South Africa; to amend the provisions of the Children's Act, 1960, with reference to the definition of "child"; to amend the provisions of section 6 of the Finance Act, 1960, with reference to the administration of the provisions of the said section; to amend the provisions of the Conventional Penalties Act, 1962, in regard to the application thereof to certain hire-purchase agreements; to amend the provisions of the Administration of Estates Act, 1965, in regard to the transfer of immovable property by an executor; to amend the National Welfare Act, 1965, and the Reciprocal Enforcement of Civil Judgments Act, 1966, so as to clarify certain provisions thereof; and to make further provision for the supply and acquisition of liquor to and by natives in the territory of South-West Africa.

*(Afrikaans text signed by the Acting State President.)
(Assented to 19th June, 1967.)*

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Repeal of Act 35 of 1885 (Cape) and Act 20 of 1912.

1. The Public Bodies' Private Bill Act, 1885, of the Cape of Good Hope, and the Private Bill Procedure Act, 1912, are hereby repealed.

Amendment of Proclamation 80 of 1890 (Cape).

2. Proclamation No. 80 of 1890, of the Cape of Good Hope, is hereby amended by the deletion in Schedule A of the words "Act No. 35 of 1885, Public Bodies' Private Bill Act, 1885."

Amendment of section 1 of Act 8 of 1947, as amended by section 13 of Act 80 of 1964.

3. Section 1 of the Commissions Act, 1947, is hereby amended—

(a) by the substitution for paragraph (b) of subsection (1) of the following paragraph:

"(b) make regulations with reference to such commission—

No. 102, 1967.]

WET

Om die „Public Bodies' Private Bill Act, 1885,” van die Kaap die Goeie Hoop, en die „Private Wetsontwerpen Regelings Wet, 1912,” te herroep; om Proklamasie No. 80 van 1890, van die Kaap die Goeie Hoop, te wysig ten einde die verwysing daarin na die „Public Bodies' Private Bill Act, 1885,” te skrap; om die Kommissiewet, 1947, te wysig ten einde die bevoegdheid van die Staatspresident om regulasies uit te vaardig, uit te brei; om die Wet op Huurgelde, 1950, te wysig ten einde dit moontlik te maak om die jurisdiksie van huurraade in syner besonderhede te omskryf; om die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950, te wysig ten einde die geldingsduur van sekere bepalings daarvan te verleng; om die bepalings van die Strafproseswet, 1955, te wysig met betrekking tot die verstryking van die tydperk waarvoor sekere persone aangehou kan word, die bevoegdheid van 'n regterlike amptenaar in verband met die afhandeling van 'n geding waarin die beskuldigde deur 'n ander regterlike amptenaar skuldig bevind is, die aangeleentheid wat by wyse van beëdigde verklaring bewys kan word, die bevoegdheid van vredesbeampies in verband met die stappe wat deur hulle na die inhegtenisneming van iemand gedoen kan word, die bevoegdheid van die Minister van Justisie om te verklaar dat sekere persone geag word vredesbeampies te wees, en die gesamentlike verhoor van oortreders; om die bepalings van die Interpretasiewet, 1957, te wysig met betrekking tot die wyse waarop wette en kennisgewings gepubliseer moet word; om die bepalings van die Wet op die Hooggeregshof, 1959, te wysig met betrekking tot die gelde wat aan getuies in siviele gedinge betaalbaar is, en die regsgebied van die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika; om die bepalings van die Kinderwet, 1960, te wysig met betrekking tot die omskrywing van „kind”; om die bepalings van artikel 6 van die Finansiewet, 1960, te wysig met betrekking tot die uitvoering van die bepalings van genoemde artikel; om die bepalings van die Wet op Strafbedinge, 1962, te wysig met betrekking tot die toepassing daarvan op sekere huurkoop-ooreenkomste; om die bepalings van die Boedelwet, 1965, te wysig met betrekking tot die oordrag van onroerende goed deur 'n eksekuteur; om die Nasionale Wetsynswet, 1965, en die Wet op die Wederkerige Afdwinging van Siviele Vonnisse, 1966, te wysig ten einde sekere bepalings daarvan op te klaar; en om verdere voorsiening te maak vir die verskaffing en verkryging van drank aan en deur inboorlinge in die gebied Suidwes-Afrika.

(Afrikaanse teks deur die Waarnemende Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 19 Junie 1967.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. Die „Public Bodies' Private Bill Act, 1885,” van die Kaap die Goeie Hoop, en die „Private Wetsontwerpen Regelings-Wet, 1912,” word hierby herroep.

Herroeping van
Wet 35 van 1885
(Kaap) en Wet 20
van 1912.

2. Proklamasie No. 80 van 1890, van die Kaap die Goeie Hoop, word hierby gewysig deur in Bylae A die woorde „Wet No. 35 van 1885, „Wet op Private Wetsontwerpen van Publieke Lichamen 1885” te skrap.

Wysiging van
Proklamasie 80
van 1890 (Kaap).

3. Artikel 1 van die Kommissiewet, 1947, word hierby gewysig—

Wysiging van
artikel 1 van
Wet 8 van 1947,
soos gewysig
deur artikel 13 van
Wet 80 van 1964.

(a) deur paragraaf (b) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(b) regulasies met betrekking tot daardie kommissie uitvaardig—

- (i) conferring additional powers on the commission;
 - (ii) providing for the manner of holding or the procedure to be followed at the investigation or for the preservation of secrecy;
 - (iii) which he may deem necessary or expedient to prevent the commission or a member of the commission from being insulted, disparaged or belittled or to prevent the proceedings or findings of the commission from being prejudiced, influenced or anticipated;
 - (iv) providing generally for all matters which he considers it necessary or expedient to prescribe for the purposes of the investigation."; and
- (b) by the substitution for subsection (2) of the following subsections:

(2) Any regulation made under paragraph (b) of subsection (1) may provide for penalties for any contravention thereof or failure to comply therewith, by way of—

- (a) in the case of a regulation referred to in subparagraph (i), (ii) or (iv) of the said paragraph, a fine not exceeding two hundred rand or imprisonment for a period not exceeding six months;
- (b) in the case of a regulation referred to in subparagraph (iii) of the said paragraph, a fine not exceeding one thousand rand or imprisonment for a period not exceeding one year.

(3) Notwithstanding anything to the contrary in any other law contained, a magistrate's court shall have jurisdiction to impose any penalty prescribed by any such regulation."

Amendment of section 4 of Act 43 of 1950, as amended by section 2 of Act 47 of 1964 and section 2 of Act 54 of 1966.

4. Section 4 of the Rents Act, 1950, is hereby amended—

- (a) by the substitution for paragraph (b) of subsection (2) of the following paragraph:

"(b) The Minister may similarly by notice in the *Gazette* from time to time withdraw any notice by which a rent board has been dissolved only in so far as its jurisdiction over business premises is concerned, either absolutely or only in respect of a specified portion of the area for which such rent board had been constituted or only in respect of any specified business premises or class of business premises, and thereupon the jurisdiction of such rent board shall revive and the provisions of this Act shall apply in respect of business premises situate within the area for which it is constituted or within the portion of that area specified in such notice or in respect of the business premises or class of business premises so specified, as the case may be."; and

- (b) by the addition to the said subsection of the following paragraph:

(c) The Minister may similarly by notice in the *Gazette* withdraw any notice issued in terms of paragraph (b), and thereupon the provisions of paragraph (a) and the said paragraph (b) shall *mutatis mutandis* apply."

Amendment of section 33 of Act 43 of 1950, as amended by section 6 of Act 53 of 1951, section 7 of Act 47 of 1964, section 13 of Act 98 of 1965 and section 9 of Act 54 of 1966.

5. Section 33 of the Rents Act, 1950, is hereby amended by the insertion after subsection (1B) of the following subsection:

"(1C) The provisions of subsection (1A) shall apply in respect of business premises, irrespective of whether or not a rent board exists in respect of any business premises in the area in which any business premises concerned are situated."

- (i) wat bykomende bevoegdheede aan die kommissie verleen;
- (ii) wat voorsiening maak vir die wyse waarop die ondersoek ingestel moet word of die prosedure wat daarby gevolg moet word of vir geheimhouding;
- (iii) wat hy nodig of dienstig ag om te verhinder dat die kommissie of 'n lid van die kommissie beledig, neergehaal of verkleineer word of dat die verrigtinge of bevindings van die kommissie benadeel, beïnvloed of vooruitgehoop word;
- (iv) wat oor die algemeen voorsiening maak vir alle aangeleenthede wat hy nodig of dienstig ag om vir die doeleindes van die ondersoek voor te skryf." en

(b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikels te vervang:

„(2) 'n Kragtens paragraaf (b) van subartikel (1) uitgevaardigde regulasie kan vir 'n oortreding daarvan of versuim om dit na te kom voorsiening maak vir strawwe by wyse van—

- (a) in die geval van 'n regulasie bedoel in subparagraaf (i), (ii) of (iv) van genoemde paragraaf, 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande;
- (b) in die geval van 'n regulasie bedoel in subparagraaf (iii) van genoemde paragraaf, 'n boete van hoogstens duisend rand of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar.

(3) Ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet is 'n landdroshof bevoeg om enige straf op te lê wat by so 'n regulasie voorgeskryf is."

4. Artikel 4 van die Wet op Huurgelde, 1950, word hierby gewysig—

Wysiging van artikel 4 van Wet 43 van 1950, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 47 van 1964 en artikel 2 van Wet 54 van 1966.

(a) deur paragraaf (b) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(b) Die Minister kan insgelyks by kennisgewing in die *Staatskoerant* 'n kennisgewing waarby 'n huurraad ontbind is slegs vir sover dit sy regsbevoegdheid oor besigheidspersone betref, van tyd tot tyd intrek, of geheel en al of slegs ten opsigte van 'n vermelde gedeelte van die gebied waarvoor daardie huurraad ingestel was of slegs ten opsigte van 'n vermelde besigheidspersoneel of klas besigheidspersoneel, en daarna herleef die regsbevoegdheid van daardie huurraad en geld die bepalings van hierdie Wet ten opsigte van besigheidspersoneel wat geleë is binne die gebied waarvoor hy ingestel is, of binne dié gedeelte van daardie gebied wat in sodanige kennisgewing vermeld is of ten opsigte van die besigheidspersoneel of klas besigheidspersoneel wat aldus vermeld is, na gelang van die geval." en

(b) deur die volgende paragraaf by genoemde subartikel te voeg:

„(c) Die Minister kan insgelyks by kennisgewing in die *Staatskoerant* 'n kennisgewing uitgereik ingevolge paragraaf (b), intrek, en daarna geld die bepalings van paragraaf (a) en genoemde paragraaf (b) *mutatis mutandis*."

5. Artikel 33 van die Wet op Huurgelde, 1950, word hierby gewysig deur na subartikel (1B) die volgende subartikel in te voeg:

Wysiging van artikel 33 van Wet 43 van 1950, soos gewysig deur artikel 6 van Wet 33 van 1951, artikel 7 van Wet 47 van 1964, artikel 13 van Wet 58 van 1965 en artikel 9 van Wet 54 van 1966.

„(1C) Die bepalings van subartikel (1A) geld ten opsigte van besigheidspersoneel, hetsy daar 'n huurraad bestaan ten opsigte van een of meer besigheidspersoneel in die gebied waarin 'n betrokke besigheidspersoneel geleë is, al dan nie."

Amendment of section 10 of Act 44 of 1950, as amended by section 7 of Act 15 of 1954, section 8 of Act 76 of 1962, section 4 of Act 37 of 1963, section 14 of Act 80 of 1964, section 3 of Act 97 of 1965 and section 1 of Act 8 of 1966.

6. Section 10 of the Suppression of Communism Act, 1950, is hereby amended by the substitution for paragraph (a) *ter* of subsection (1) of the following paragraph:

"(a) *ter* Subject to the provisions of paragraph (a) *quat*, the provisions of paragraph (a) *bis* shall lapse on the 30th June, 1968."

Amendment of section 27 of Act 56 of 1955, as amended by section 1 of Act 96 of 1965.

7. Section 27 of the Criminal Procedure Act, 1955 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for the second proviso to subsection (1) of the following proviso:

"Provided further that if the said period of forty-eight hours expires on a Saturday, Sunday or public holiday, it shall be deemed to expire at four o'clock in the afternoon on the next day, not being a Saturday, Sunday or public holiday."

Amendment of section 186 of Act 56 of 1955.

8. Section 186 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) If sentence is not passed upon an accused forthwith upon his conviction in an inferior court or if, by reason of any decision or order of a superior court on appeal, review or otherwise, it is necessary to add to or vary any sentence passed in an inferior court, or to pass sentence afresh in such court, any judicial officer of that court may, in the absence of the judicial officer who convicted the accused or passed the sentence, as the case may be, and after consideration of the evidence recorded and in the presence of the accused, pass sentence on the accused or take such other steps as the judicial officer who is absent, could lawfully have taken in the criminal proceedings concerned if he had not been absent."

Amendment of section 239 of Act 56 of 1955, as amended by section 21 of Act 92 of 1963 and section 8 of Act 96 of 1965.

9. Section 239 of the principal Act is hereby amended by the insertion after subsection (4) *quat* of the following subsection:

"(4) *quin* In any criminal proceedings in which the receipt, custody, packing, delivery or despatch of any finger or palm print, article of clothing, specimen, limb, organ or any object of whatever nature is relevant to the issue, a document purporting to be an affidavit made by a person who in that affidavit alleges that he is or was in the service of the State or is or was in the service of, or is or was attached to, the South African Institute for Medical Research or any university or institution referred to in subsection (4), and that in the performance of his official duties he received from, or delivered or despatched to, a person, institute, department or institution mentioned in the affidavit, a finger or palm print, article of clothing, specimen, limb, organ or other object described in the affidavit or packed or marked in a manner so described, or that during the period mentioned in the affidavit he had the custody, in the manner so mentioned, of a finger or palm print, article of clothing, specimen, limb, organ or other object described in the affidavit or packed or marked in the manner so described, as the case may be, shall on its mere production in those proceedings by any person, but subject to the provisions of subsection (6), be *prima facie* proof of the facts so alleged."

Amendment of section 289 of Act 56 of 1955, as amended by section 28 of Act 50 of 1956 and section 20 of Act 16 of 1959.

10. Section 289 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Any peace officer may take or cause to be taken the finger prints, palm prints and foot prints of any person arrested upon any charge and may make or cause to be made available such person for identification in such condition, position or apparel as such peace officer may determine,

6. Artikel 10 van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950, word hierby gewysig deur paragraaf (a)ter van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(a)ter Behoudens die bepaling van paragraaf (a)quat, hou die bepaling van paragraaf (a)bis op 30 Junie 1968 op om van krag te wees.”

Wysiging van artikel 10 van Wet 44 van 1950, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 15 van 1954, artikel 8 van Wet 76 van 1962, artikel 4 van Wet 37 van 1963, artikel 14 van Wet 80 van 1964, artikel 3 van Wet 97 van 1965 en artikel 1 van Wet 8 van 1966.

7. Artikel 27 van die Strafproseswet, 1955 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur die tweede voorbehoudsbepaling by subartikel (1) deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

„Met dien verstande voorts dat indien genoemde tydperk van agt-en-veertig uur op 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag verstryk, dit geag word om vieruur namiddag op die eersvolgende dag te verstryk wat nie 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag is nie.”

Wysiging van artikel 27 van Wet 56 van 1955, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 96 van 1965.

8. Artikel 186 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

„(4) Indien 'n beskuldigde nie onmiddellik by sy skuldigebevinning in 'n laerhof vonnis opgelê word nie of indien, vanweë 'n beslissing of bevel van 'n hoërhof by appél, hersiening of andersins, dit nodig is om 'n vonnis wat in 'n laerhof opgelê is, te wysig of iets daarby te voeg of om opnuut vonnis in so 'n hof op te lê, kan enige regterlike amptenaar van daardie hof, by afwesigheid van die regterlike amptenaar wat, na gelang van die geval, die beskuldigde skuldig bevind of die vonnis opgelê het, en na oorweging van die aangetekende getuienis en in die teenwoordigheid van die beskuldigde, die beskuldigde vonnis opelê of die ander stappe doen wat die afwesige regterlike beampte regtens in die betrokke strafsak sou kon gedoen het indien hy nie afwesig was nie.”

Wysiging van artikel 186 van Wet 56 van 1955.

9. Artikel 239 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel na subartikel (4)quat in te voeg:

„(4)quin In 'n strafsak waarin die ontvangs, bewaring, verpakking, oorhandiging of versending van 'n vinger- of palmafdruk, kledingstuk, monster, liggaamsdeel, orgaan of enige voorwerp van watter aard ook al ter sake dienend is, is 'n geskrif wat 'n beëdigde verklaring heet te wees van 'n persoon wat in daardie beëdigde verklaring beweer dat hy in diens is of was van die Staat of in diens is of was van of verbonde is of was aan die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing of 'n in subartikel (4) bedoelde universiteit of inrigting en dat hy by die verrigting van sy amptepligte 'n vinger- of palmafdruk, kledingstuk, monster, liggaamsdeel, orgaan of ander voorwerp wat in die verklaring beskryf word of wat op 'n aldus beskrywe wyse verpak of gemerk was, ontvang het van of oorhandig of versend het aan 'n in die verklaring vermelde persoon, instituut, departement of inrigting, of dat hy 'n vinger- of palmafdruk, kledingstuk, monster, liggaamsdeel, orgaan of ander voorwerp wat in die verklaring beskryf word of wat op 'n aldus beskrywe wyse verpak of gemerk was, op die in die verklaring vermelde wyse en gedurende die aldus vermelde tydperk bewaar het, na gelang van die geval, by blote voorlegging in bedoelde saak deur enige persoon, behoudens die bepaling van subartikel (6), *prima facie* bewys van die feite wat aldus beweer word.”

Wysiging van artikel 239 van Wet 56 van 1955, soos gewysig deur artikel 21 van Wet 92 van 1963 en artikel 8 van Wet 96 van 1965.

10. Artikel 289 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) 'n Vredesbeampte kan die vingerafdrukke, palmafdrukke en voetafdrukke van iemand wat op enige aanklag in hegtenis geneem is, neem of laat neem en kan so 'n persoon beskikbaar stel of laat beskikbaar stel vir identifikasie in die toestand, houding of kleding wat bedoelde vredesbeampte bepaal, en die geneskundige beampte van

Wysiging van artikel 289 van Wet 56 van 1955, soos gewysig deur artikel 28 van Wet 50 van 1956 en artikel 20 van Wet 16 van 1959.

and the medical officer of any prison or any district surgeon or (except in the case of a woman), any peace officer may take or cause to be taken such steps, including (except in the case of a peace officer), any blood test, as he may deem necessary in order to ascertain whether the body of any such person bears any mark, characteristic or distinguishing feature or shows any condition or appearance."

Amendment of section 309bis of Act 56 of 1955, as inserted by section 23 of Act 16 of 1959 and amended by section 32 of Act 92 of 1963.

11. Section 309bis of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) The Minister may by notice in the *Gazette* declare that for the purposes of subsections (1) and (2) any person in the service of the State or of the National Parks Board of Trustees established under section 5 of the National Parks Act, 1962 (Act No. 42 of 1962), or of an institution or body contemplated in section 84 (1) (f) of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act No. 32 of 1961), who falls within any category defined in such notice shall, in an area so defined, be deemed to be a peace officer in relation to any offence specified in such notice, and may at any time by like notice withdraw or vary any such notice."

Substitution of section 328 of Act 56 of 1955, as amended by section 57 of Act 68 of 1957.

12. The following section is hereby substituted for section 328 of the principal Act:

"Joint trial of offenders charged with different offences.

328. Whenever it is alleged in an indictment, summons or charge that two or more persons have committed separate offences at the same time and place or at the same place and about the same time and the public prosecutor informs the court that any evidence which is in his opinion admissible at the trial of one of those persons is in his opinion also admissible at the trial of the other person or persons, such persons may be tried jointly for those offences on that indictment, summons or charge."

Insertion of section 16A in Act 33 of 1957.

13. The following section is hereby inserted in the Interpretation Act, 1957, after section 16:

"Promulgation and commencement of laws and publication of certain notices when publication of the *Gazette* impracticable.

16A. (1) If the State President is satisfied that the publication of the *Gazette* cannot be effected or is likely to be seriously delayed as a result of circumstances beyond the control of the Government Printer, he may by proclamation published in the manner directed by him, make such rules as he may deem fit for the publication, during any period specified in the proclamation, of laws or notices required or authorized by law to be published in the *Gazette*.

(2) Any law or notice published in accordance with any rules so made, shall be deemed to have been published in the *Gazette*, and any law so published shall be deemed to have come into operation on the day on which it was first so published as a law, unless some other day is fixed by or under that law for the commencement thereof.

(3) The State President may at any time vary or withdraw any proclamation referred to in subsection (1) by like proclamation.

(4) Any law or notice published in accordance with any rule made under subsection (1) shall, if it is then still in force, be published in the *Gazette* for general information as soon as publication of the *Gazette* can be effected.

(5) The provisions of subsection (4) shall not affect the validity of anything done under any rules made under subsection (1)."

Substitution of section 42 of Act 59 of 1959.

14. (1) The following section is hereby substituted for section 42 of the Supreme Court Act, 1959:

"Witness fees.

42. (1) The Minister may in consultation with the Minister of Finance from time to time by notice in the *Gazette* prescribe a tariff of allowances which shall be paid to a witness in civil proceedings or to

'n gevangenis of 'n distrikgeenesheer of (behalwe in die geval van 'n vrou) 'n vredesbeampte, kan die stappe doen of laat doen, insluitende (behalwe in die geval van 'n vredesbeampte) 'n bloedondersoek, wat hy nodig ag om vas te stel of die liggaam van so 'n persoon 'n merk, eienaardigheid of onderskeidende kenmerk dra of 'n bepaalde toestand aantoon of voorkoms het."

11. Artikel 309*bis* van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

Wysiging van artikel 309*bis* van Wet 56 van 1955, soos ingevoeg deur artikel 23 van Wet 16 van 1959 en gewysig deur artikel 32 van Wet 92 van 1963.

„(3) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* verklaar dat by die toepassing van subartikels (1) en (2) iemand in diens van die Staat of van die Raad van Kuratore vir Nasionale Parke kragtens artikel 5 van die Wet op Nasionale Parke, 1962 (Wet No. 42 van 1962), ingestel of van 'n instelling of liggaam wat in artikel 84 (1) (f) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet No. 32 van 1961), beoog word, wat behoort tot 'n kategorie in die kennisgewing omskrywe, in 'n aldus omskrewe gebied geag word 'n vredesbeampte te wees met betrekking tot 'n misdryf wat in daardie kennisgewing aangedui word, en kan te eniger tyd by dergelike kennisgewing so 'n kennisgewing intrek of wysig."

12. Artikel 328 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

Vervanging van artikel 328 van Wet 56 van 1955, soos gewysig deur artikel 57 van Wet 68 van 1957.

„Gesamentlike verhoor van oortreders wat weens afsonderlike misdrywe aangekla word.

328. Wanneer in 'n akte van beskuldiging, dagvaarding of klagskrif beweer word dat twee of meer persone op dieselfde tyd en plek of op dieselfde plek en ongeveer dieselfde tyd afsonderlike misdrywe gepleeg het en die Staatsaanklaer die hof meedeel dat getuïenis wat na sy oordeel by die verhoor van een van daardie persone toelaatbaar is, na sy oordeel ook by die verhoor van die ander persoon of persone toelaatbaar is, kan sodanige persone gesamentlik weens bedoelde misdrywe op daardie akte van beskuldiging, dagvaarding of klagskrif verhoor word."

13. Die volgende artikel word hierby in die Interpretasiewet, 1957, na artikel 16 ingevoeg:

Invoeging van artikel 16A in Wet 33 van 1957.

„Afskondiging en inwerking-treding van wette en publikasie van sekere kennisgewings wanneer publikasie van die *Staatskoerant* ondoenlik is.

16A. (1) Indien die Staatspresident oortuig is dat die publikasie van die *Staatskoerant* nie bewerkstellig kan word nie of waarskynlik ernstig vertraag sal word as gevolg van omstandighede buite die beheer van die Staatsdrukker, kan hy by proklamasie, afgekondig op die wyse deur hom bepaal, dié reëls uitvaardig wat hy goedvind vir die publikasie, tydens 'n in die proklamasie bepaalde tydperk, van wette of kennisgewings wat kragtens wet in die *Staatskoerant* gepubliseer moet of kan word.

(2) 'n Wet of kennisgewing wat ooreenkomstig aldus uitgevaardigde reëls gepubliseer is, word geag in die *Staatskoerant* gepubliseer te wees, en 'n aldus gepubliseerde wet word geag in werking te getree het op die dag waarop dit vir die eerste keer aldus as 'n wet gepubliseer is, tensy 'n ander dag deur of kragtens dié wet vir die inwerkingtreding daarvan bepaal is.

(3) Die Staatspresident kan te eniger tyd 'n in subartikel (1) bedoelde proklamasie by dergelike proklamasie wysig of intrek.

(4) 'n Wet of kennisgewing wat gepubliseer is ooreenkomstig 'n reël wat kragtens subartikel (1) uitgevaardig is, moet, indien dit dan nog van krag is, vir algemene inligting in die *Staatskoerant* gepubliseer word sodra die publikasie van die *Staatskoerant* bewerkstellig kan word.

(5) Die bepalings van subartikel (4) raak nie die geldigheid nie van enigiets wat gedoen is kragtens reëls wat kragtens subartikel (1) uitgevaardig is."

14. (1) Artikel 42 van die Wet op die Hooggeregshof, 1959, word hierby deur die volgende artikel vervang:

Vervanging van artikel 42 van Wet 59 van 1959.

„Getuieselde.

42. (1) Die Minister kan, in oorleg met die Minister van Finansies, van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Staatskoerant* 'n tarief van toeloes voorskryf wat betaal moet word aan 'n getuie in 'n

any person who is to accompany any such witness on account of the youth or infirmity due to old age or any other infirmity of such witness.

(2) Such notice may differentiate between persons according to the distances which they have to travel to attend the court to which they are summoned or subpoenaed, or according to their professions, callings or occupations, or between different classes of persons, and may empower such officers in the service of the State as may be specified therein, to order payment of allowances in accordance with a higher tariff than the tariff so prescribed, in cases where payment of allowances in accordance with the lastmentioned tariff may cause undue hardship.

(3) Notwithstanding anything to the contrary in any law contained, the court may order that no allowances or only a portion of the allowances prescribed shall be paid to any witness."

(2) Subsection (1) shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

Amendment of
First Schedule to
Act 59 of 1959.

15. The First Schedule to the Supreme Court Act, 1959, is hereby amended by the substitution in the third column thereof for the words opposite the words "Witwatersrand Local Division of the Supreme Court of South Africa" of the following words:

"In civil matters: the magisterial districts of Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Delmas, Germiston, Johannesburg, Kempton Park, Krugersdorp, Nigel, Randfontein, Roodepoort and Springs.

In criminal matters: the magisterial districts of Alberton, Boksburg, Germiston, Johannesburg, Kempton Park, Krugersdorp, Randfontein and Roodepoort."

Amendment of
section 1 of
Act 33 of 1960,
as amended by
section 1 of
Act 50 of 1965
and section 15
of Act 62 of 1966.

16. Section 1 of the Children's Act, 1960, is hereby amended by the substitution for paragraph (b) of the definition of "child" of the following paragraph:

"(b) of section 60 and Chapter VII,".

Amendment of
section 6 of
Act 64 of 1960,
as amended by
section 17 of
Act 76 of 1964.

17. Section 6 of the Finance Act, 1960, is hereby amended by the substitution for paragraph (b) of subsection (1) of the following paragraph:

"(b) The board shall consist of not less than three and not more than four members who shall be appointed by the Minister of Public Works (in this section referred to as the Minister) from persons who are required to be in Cape Town in connection with a session of Parliament, and who shall hold office during his pleasure on such terms and conditions as he may determine."

Substitution of
section 5 of
Act 15 of 1962.

18. (1) The following section is hereby substituted for section 5 of the Conventional Penalties Act, 1962:

"Application of Act to agreements to which Act 36 of 1942 or Ordinance 7 of 1942 of South-West Africa applies.

5. If any provision of the Hire-Purchase Act, 1942, or of the Hire-Purchase Ordinance, 1942, of the territory of South-West Africa is, in terms of the said Act or Ordinance or any notice issued under the said Act or Ordinance, applicable to any agreement, the provisions of this Act shall not apply to such agreement in so far as they are in conflict with the provision in question."

(2) Subsection (1) shall apply also in the territory of South-West Africa.

Substitution of
section 42 of
Act 66 of 1965.

19. The following section is hereby substituted for section 42 of the Administration of Estates Act, 1965:

"Documents 42. (1) Except as is otherwise provided in subsection (2), an executor who desires to have any immovable property registered in the name of an heir or other person legally entitled to such property or to have any endorsement made under section 39 or 40 shall, in addition to any other deed or document

siviele geding of aan iemand wat so 'n getuie weens die jeug of 'n ouderdoms- of ander gebrek van daardie getuie moet begelei.

(2) So 'n kennisgewing kan onderskeid maak tussen persone volgens die afstande wat hulle moet reis om aanwesig te wees by die hof waarheen hulle opgeroep of gedagvaar is, of volgens hul professie, beroep of besigheid, of tussen verskillende klasse persone, en kan aan daarin vermelde beamptes in diens van die Staat die bevoegdheid verleen om, in gevalle waar betaling van toelae teen die aldus voorgeskrewe tarief buitensporige ontbering kan meebring, die betaling van toelae teen 'n hoër tarief as daardie tarief te gelas.

(3) Ondanks andersluidende bepalinge van die een of ander wet, kan die hof gelas dat geen toelae of slegs 'n deel van die voorgeskrewe toelae aan 'n getuie betaal word."

(2) Subartikel (1) tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

15. Die Eerste Bylae van die Wet op die Hooggeregshof, 1959, word hierby gewysig deur in die derde kolom daarvan die woorde teenoor die woorde „Witwatersrandse Plaaslike Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika" deur die volgende woorde te vervang:

Wysiging van Eerste Bylae van Wet 59 van 1959.

„In siviele aangeleenthede: die landdrosdistrikte Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Delmas, Germiston, Johannesburg, Kempton Park, Krugersdorp, Nigel, Randfontein, Roodepoort en Springs.

In strafregtelike aangeleenthede: die landdrosdistrikte Alberton, Boksburg, Germiston, Johannesburg, Kempton Park, Krugersdorp, Randfontein en Roodepoort."

16. Artikel 1 van die Kinderwet, 1960, word hierby gewysig deur paragraaf (b) van die omskrywing van „kind" deur die volgende omskrywing te vervang:

Wysiging van artikel 1 van Wet 33 van 1960, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 50 van 1965 en artikel 15 van Wet 62 van 1966.

„(b) van artikel 60 en Hoofstuk VII,".

17. Artikel 6 van die Finansiewet, 1960, word hierby gewysig deur paragraaf (b) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

Wysiging van artikel 6 van Wet 64 van 1960, soos gewysig deur artikel 17 van Wet 76 van 1964.

„(b) Die raad bestaan uit minstens drie en hoogstens vier lede wat aangestel word deur die Minister van Openbare Werke (in hierdie artikel die Minister genoem) uit persone wat in Kaapstad moet wees in verband met 'n sessie van die Parlement en wat hulle ampte op die deur hom bepaalde bedinge en voorwaardes beklee solank dit hom behaag."

18. (1) Artikel 5 van die Wet op Strafbepende, 1962, word hierby deur die volgende artikel vervang:

Vervanging van artikel 5 van Wet 15 van 1962.

„Toepassing 5. Indien 'n bepaling van die Wet op Huurkoop, van Wet op kontraktoe toepassing is, is die bepaling van die Wet op Huurkoop of Ordonnansie of 'n kennisgewing kragtens genoemde Wet of Ordonnansie uitgevaardig, op 'n kontrak van toepassing is, is die bepaling van hierdie Wet, vir sover hulle met die bewuste bepaling van Suidwes-Afrika van Strydig is, nie op daardie kontrak van toepassing nie."

(2) Subartikel (1) is ook van toepassing in die gebied Suidwes-Afrika.

19. Artikel 42 van die Boedelwet, 1965, word hierby deur die volgende artikel vervang:

Vervanging van artikel 42 van Wet 66 van 1965.

„Stukke wat eksekuteur by registrasie-beampte moet inlewer. 42. (1) Behalwe soos in subartikel (2) anders bepaal, moet 'n eksekuteur wat verlang om onroerende goed op naam van 'n erfgenaam of ander persoon wat regtens op sodanige goed geregtig is, te laat registreer of om 'n aantekening ingevolge artikel 39 of 40 te laat aanbring, benewens enige ander akte of stuk wat hy volgens wet by die

which he may be by law required to lodge with the registration officer, lodge with the said officer a certificate by the Master that the proposed transfer or endorsement, as the case may be, is in accordance with the liquidation and distribution account.

(2) An executor who desires to effect transfer of any immovable property in pursuance of a sale shall lodge with the registration officer, in addition to any such other deed or document, a certificate by the Master that no objection to such transfer exists."

Amendment of section 30 of Act 79 of 1965.

20. (1) Section 30 of the National Welfare Act, 1965, is hereby amended by the substitution for subsection (5) of the following subsection, subsection (6) becoming subsection (5):

(4) Any person who, having received notice under subsection (3), without lawful excuse fails to produce any book or document referred to in that subsection which he is able to produce, shall be guilty of an offence: Provided that in connection with the production of any such book or document the law relating to privilege, as applicable to a witness subpoenaed to produce any book or document before a court of law, shall apply."

(2) The provisions of subsection (1) shall be deemed to have come into operation on the first day of July, 1966.

Amendment of section 6 of Act 9 of 1966.

21. Section 6 of the Reciprocal Enforcement of Civil Judgments Act, 1966, is hereby amended by the substitution in paragraph (a), in the Afrikaans text, for the word „maande" of the word „jaar".

Supply and acquisition of liquor to and by natives in South-West Africa.

22. (1) The provisions of this section and any amendment thereof and any regulation made thereunder shall apply in the territory of South-West Africa, including that portion of the said territory known as the Eastern Caprivi Zipfel and referred to in section 3 of the South-West Africa Affairs Amendment Act, 1951 (Act No. 55 of 1951).

(2) Notwithstanding anything to the contrary contained in any other law, but subject to the provisions of this section and any regulation made thereunder, a native may purchase, obtain, possess and deal in liquor, and liquor may be sold, delivered, given or supplied in any other manner to a native.

(3) The Minister of Bantu Administration and Development or any person acting under his directions may, subject to such conditions or restrictions whatsoever as he may deem fit to impose, grant written authority to any person or the nominee of—

- (a) any urban local authority as defined in section 1 of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation No. 56 of 1951 of the territory of South-West Africa);
- (b) any association of persons, whether natives or otherwise;
- (c) any statutory or other body or board, whether or not its members are natives,

to sell liquor or such kinds of liquor as the Minister or such person may determine, to any native of the age of eighteen years or more or any class of such natives specified in such authority, for consumption on or off such premises as may be described in such authority.

(4) As from a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*, the holder of any licence issued under the laws relating to the sale of liquor and authorizing the sale of liquor by the bottle may, subject to the conditions of his licence and the provisions of this section and the regulations made thereunder, sell liquor to any native of the age of eighteen years or more for consumption off the premises in respect of which such licence has been issued.

